**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Psalm 104

**Tema:**

Ons aanbid 'n groot en ontsagwekkende God

**Datum:**

03 Mei 2026

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefdes in ons Here,

Ons lees gereeld in die Bybel hoe God aan mense verskyn het en wat 'n geweldige indruk dit op hulle gemaak het.

- Die bekende verhaal van Moses by die brandende doringbos (Eks. 3:1-6). Die verskyning van die Here was so geweldig, dat die grond waarop Moses gestaan het *heilig* was (3:5).
- Of dink aan die gedeelte wat ons vanmore gelees het, toe die Here op Sinai neergedaal het in vuur, donderslae, aardbewings en die geluid van ramshorings (Eks. 19:18-19).

Al hierdie verskynings wys vir ons hoe magtig en ontsagwekkend die Here is. Ons God is ver bo ons begrip. Hy is groter en heiliger as wat ons ons ooit kan indink.

Daarom maak dit volkome sin dat die mense aan wie die Here verskyn, elke slag **oorweldig** word. Dit maak sin dat *Moses* sy gesig bedek (Eks. 3:6), dat *Esegiël* en *Johannes* met hulle aangesigte op die vloer neerval en bly lê soos dooies (Op. 1:17). Dit maak sin dat *Jesaja* uitroep: "*Dit is klaar met my!*" (Jes. 6:5).

Geliefdes, ons aanbid 'n groot en ontsagwekkende God.

Hierdie is die hooftema van Psalm 104. Dit is 'n loflied wat sing oor die Here se onbeskryflike heerlikheid en mag. Tog doen hy dit op 'n manier wat vir ons vreemd is. Voordat ons dus na die Psalm kyk, moet ons die agtergrond verstaan.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Kulturele agtergrond:

Die digter van Psalm 104 skryf vanuit 'n Ou Nabye Oosterse kultuur. Hy het dinge in 'n baie ander lig gesien en verstaan. Kom ons kyk dan net kortliks na drie dele om sin te maak van die Psalm:

**(Ontologie): Eerstens** moet ons verstaan hoe die digter se wêreld ontstaan het.

As ons vandag vir iemand vra: "*Hoe het die wêreld ontstaan?*" Dan vra ons eintlik: "*Hoe en waar kom al die materie, atome en elemente vandaan? Hoe het al die meetbare en waarneembare kragte wat alles beheer, ontstaan?*"

Maar as jy vir die digter van Psalm 104 sou vra: "*Hoe het die wêreld ontstaan?*" Dan sou jou vraag aan hom eintlik gewees het: "*Hoe het alles geskei, Wie het orde gebring en vir alles 'n doel gegee?*"

Om dit te verstaan, kan ons na Genesis 1 kyk. Ons sowel as en die digter kan saamstem met vers 1, wat sê: "*In die begin het God die hemel en die aarde geskape.*" Maar dan sê vers 2, dat die aarde alreeds daar was, selfs voordat God iets geskape het. Ons sukkel om dit te verstaan, want hoe kan dit reeds daar wees as dit nog nie bestaan het nie?

Maar vir die mense van die Ou Nabye Ooste, het dit nie gegaan of 'n ding daar is of nie daar is nie. *Iets het slegs* ***waarlik bestaan*** *wanneer dit orde, struktuur en doel het.* Daarom sê Genesis 1:2 dat die aarde *woes, leeg en donker* was en dat daar eintlik net stormagtige vloedwaters was. Dit was hulle manier om te sê – niks het bestaan nie.

Die Here kyk toe na die woeste, leë, donker wêreldvloed (na die 'niksheid') – en Hy maak lig. Hy **skei** lig en donker, Hy skep tyd en siklusse van dag en nag (1:3-5). Die Here skep **struktuur en orde** tussen die woeste waters (1:6-11). Hy gee lig en donker, water en droë grond 'n funksie en 'n doel. Hy vul die leegheid met visse, plante, diere en voëls.

Met ander woorde "*in die begin het God die hemel en die aarde geskape*" deur skeiding te bring, orde te skep en vir alles 'n doel en rol te gee.

**(Wêreldbeeld) Tweedens** moet ons kyk na ŉ kaart van die digter se wêreld.

Vandag weet ons dat die aarde rond is. Ons weet ook dat die aarde, soos al die ander planete, weens gravitasiekrag, op ŉ vaste baan om die son wentel. Die aarde is ook net ŉ klein deel van die groot heelal van sterre, gasse, planete en klippe.

Daarteenoor het die Israeliete gedink dat die aarde ŉ vaste struktuur was. Die wêreld was omring deur water onder en bo die aarde. Die water bo die aarde, is geskei deur ŉ gewelf of ŉ klipboog wat die Here gemaak het. Die Here het ook pilare en fondamente geskep om die klipboog, die land en die berge vas te hou.

**Derdens** moet ons verstaan dat die ander volke en afgodsdienste rondom Israel, ŉ ander siening gehad het oor die wêreld se ontstaan.

Die Israeliete het gesê dat die Here alleen, alles deur sy Woord geskape het.

Maar die afgodsdienaars het alles verklaar met oorlogstories tussen hulle afgode. Hulle het gesê vanuit die chaos van ŉ slagveld het daar orde en struktuur ontstaan. Met hierdie oorlogsverhale het hulle ook die wêreld verklaar. Byvoorbeeld, die son was ŉ god en die maan was ŉ god. Hierdie twee baklei teen mekaar, elke oggend wen son en dit is dag, maar teen skemer kry maan die oorhand en dit word nag.

Veral belangrik was die verhaal van die *droë tye* (somer) en *reëntye* (winter): Aan die een kant was die seemonster, genaamd Leviatan (eintlik Lotan/ Litanu). Elke jaar bring hy dood en droogte. Daarom moet Baäl, die god van storms, op sy wolkwa ry om hom te gaan verslaan, sodat hy reën en lewe kan bring.

## 2.2. Die Here ons God is groot en ontsagwekkend:

Geliefdes, noudat ons so ŉ ietsie van die digter se wêreld verstaan, kom ons kyk hoe hy God beskryf, met al hierdie dinge in gedagte.

**Die Wêreldkoning:**

Hy begin in vers 1 met die pragtige belydenis: “*Here my God, U is baie groot!*”

Hiermee sê hy niks oor die Here se fisiese grootte nie, maar alles oor sy krag, eer en gesag. In daardie tyd was die grootste persoon die **koning** gewees. Daarom beskryf hy God as die Wêreldkoning. Elke koning het belangrike kleredrag, ŉ groot paleis, mooi strydwaens en ŉ klomp dienaars. So het God, die Koning van die heelal ook hierdie dinge.

Hy sê: “*U is met majesteit en heerlikheid bekleed. U het lig soos ŉ kleed om U gedraai.*” Lig is die bron van alle lewe. Lig dra ook die gedagte van glorie. Dink aan die son wat op sy helderste skyn, asof die strale jou steek. Só draai die Koning van die heelal lig soos ŉ kleed om Hom.

Sy paleis het Hy gebou bo die hemelblou, bo die klipboog en die water daarbo. Hy besit nie ŉ strydwa met wiele en perde nie, maar die Here ry op die wolke en loop op die winde. Sy dienaars is die wind, vuur en weerlig.

In moderne taal sou ons dalk anders oor God praat om dieselfde te sê. Ons praat van eienskappe soos rykdom, krag, wysheid, goedheid en regverdigheid. Ons kan dus sê: Aan God behoort al die rykdom en krag. Hy is volkome wys en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. Alles wat Hy doen, is reg en heeltemal regverdig.

Soos ons vanmore bely het, Here u is ewig, onbegryplik en almagtig!

**God bring orde en lewe:**

In die volgende deel van die Psalm loof hy die Here oor **die wonderlike manier waarop** Hy die aarde gemaak het.

Dink weer terug aan Genesis 1. Aanvanklik was daar net ŉ woeste wêreldvloed, die water het hoër as die berge gestaan. Maar God het geskei en orde gebring. Die water het in damme, riviere en seë bymekaargekom, en droë grond het sigbaar geword. Die berge het hulle koppe uitgesteek en bo die vloed uitgestyg.

Maar vers 5 en 9 praat ook van vastigheid. Die pilare wat die Here vir die aarde gemaak het, is **stewig** gevestig, sodat dit nie wankel nie. Die water word deur die klipboog en berge teruggehou en sal nie die aarde oordek nie, want God het ŉ **vaste** grens daarvoor gestel.

Vers 10-13 gaan selfs nog verder. Die water van die wêreldvloed het net dood, vernietiging en niksheid voorgestel. Maar God gebruik nou die eens vernietigende water om lewe te gee:

- Die aarde se fonteine het Hy in riviere laat ontspring. Dit gee water vir die diere van die veld. Bome groei en voëls maak hulle neste. Die berge drink uit die stoorkamers wat God daarvoor gemaak het.

Weereens kan ons dieselfde waarhede bely oor ons grote God, maar in ander woorde. Die Here het die aarde op ŉ wonderlike wyse gemaak!

- As die aarde nie presies op hierdie plek in die sterrestelsel was nie, sou lewe nie moontlik gewees het nie.
- As die aarde se gravitasie, of die spoed van lig net ŉ bietjie meer of bietjie minder was, sou die prosesse wat lewe moontlik maak, glad nie gewerk het nie.
- As die aarde nie rondom ŉ middelpunt en rondom die son gewentel het nie, sou dag en nag, seisoene en alle natuurlike prosesse, nie moontlik gewees het nie.

Meer as dit! Die Here het die dinge só presies gemaak: Sodat die aarde nie sommer uit sy baan skiet nie. Sodat die son ons nie skielik verbrand nie. Sodat die see nie verdamp en die maan nie uit die lig op ons val nie.

Broers en susters, ons hoef oor niks te bekommer nie, want God het alles presies en goed gemaak. Die vernietigende en onbeheerbare kragte van die heelal sal nie net ophou nie, want God gee standvastigheid daaraan. Ons het **troos** en **hoop** dat die son weer sal opkom en die seisoene sal verander, omdat God dit só bepaal het.

**Skepper én Onderhouer:**

Die middelste deel van die Psalm fokus dan op God, nie net as Skepper van alle dinge nie, maar as die Een wat ook alles goed onderhou. Die Here het nie net die wêreld gemaak, en gelos nie - Hy is tot vandag toe besig daarmee.

Dit is nie die afgode wat die wêreldsiklusse met hulle oorloë bestuur nie. Die Here ons God maak seker dat dag en nag afwissel soos dit moet. Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante **tot diens van die mens**. Hy sorg vir die grootste bome, die voëls wat hoog daarin neste maak en selfs die steenbokke en dassies wat tussen die klippe bly.

Hy voorsien kos om te eet en wyn om te drink in vrolike tye. Hy sorg selfs vir dinge soos olie, wat ons kan gebruik vir ons velle. God gee om oor ons liggame en gesondheid. Hy gee vir ons alles wat nodig is en nóg meer. Hoe troosryk om daaraan te dink dat die Here aktief vir ons sorg.

Die Here se betrokkenheid in die wêreld behoort ons gerus te stel. Die leeu wat brul, wat meeste mense baie bang sal maak, is eintlik net die roofdiere se manier om God te vra vir kos. Die pragtige woorde van vers 27: "*almal wag op U Here, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.*"

En ons, broers en susters, ons het die **voorreg** om te lewe in hierdie wonderlike wêreld. Ons kan in verwondering staan oor die blomme wat begin groei, die son wat ondergaan, die golwe wat raas. Ons kan saam met die digter uitbars in lofprysing: "*Hoe talryk is u werke, o Here! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele!*"

Geliefdes, in die woorde van ons Here Jesus: "***Kyk** na die voëls van die hemel (Mat. 6:26)... **Let op** hoe groei die veldlelies (6:28)...*" As God vir die plante en diere sorg, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir ons sorg nie...

**Vreesloos lewe:**

In vers 25-30 kry ons dan die digter se laaste gedagtes waar hy ons leer om vreesloos te lewe.

Dink vir ’n oomblik aan die onstuimige see, wat groot en na alkante toe wyd is. Stel jou voor jy is in ’n bootjie op die see, en ’n storm kom aangerol. Vir ons, net soos die mense van die ou tyd, is dit een van die vreesaanjaendste gedagtes.

Maar die digter draai dit om. As die Here sy God alles geskape het en dit steeds onderhou, dan verdryf dit alle vrees. Die see is nie net ’n bron van chaos en dood nie, maar wemel van diere groot en klein. Selfs die bekende seemonster en afgod, Leviatan, is nie iets waarvoor hy moet vrees nie. Dit is soos ’n goudvissie wat speel in ’n vistenk.

Ons hoef nie eers vir die verskriklikste vyand, die dood, te skrik nie. Die Here is die Een wat lewe en dood bestuur.

Hoor hoe mooi bely ons hierdie waarheid in Sondag 10 (V&A 27): Ons glo in God se voorsienigheid:

- Dit beteken dat God in sy almagtige en alomteenwoordige krag, hemel en aarde en alle skepsels **gemaak** het. Hy is ook die Een wat alles, asof met sy eie hand, onderhou en regeer dat “*blare en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.*”

### 2.3. Loof, vertrou, aanbid en dank:

Geliefdes, in die lig van ons groot God, die Skepper en Onderhouer van alle dinge. Wat is die boodskap van Psalm 104 vir ons? Drie laaste gedagtes:

**(Lof) Eerstens:** Die Psalm is die woorde van ’n digter wat baie persoonlik en diep gaan nadink het oor God. In diepe ontsag, gee hy dan vir homself twee keer die opdrag: “***LOOF** die Here, o my siel!*” (104:1 & 35). Maar hy praat nie net met sy eie siel nie. Hy eindig met die woord: “*Halleluja!*” Die woord beteken letterlik – Loof die Here.

Met ander woorde die enigste regte en gepaste reaksie vir my en jou, is lof en bewondering! Psalm 104:19 en 20 se beryming sing so mooi: "*Ek wil terwyl ek lig geniet, Gods grootheid sing in Psalm en lied!*" Geliefdes, spandeer 'n oomblik hierdie week, te midde van al jou dinge, om die Here en sy skepping te bewonder, en Hom te loof!

**Tweedens:** Ons kan met baie gerusstelling die lewe deurgaan en daarop fokus om ons roeping en doel uit te lewe. Omdat ons grote God alles geskape het en dit steeds onderhou, hoef ons nie vir een oomblik te vrees nie.

Ons hoef ook nie heeltyd te bekommer en dinge soos rykdom en oorvloed na te jaag nie. Ons hoef nie te vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Ons hemelse Vader weet tog dat ons dit alles nodig het. Daarom kan ons heel eerste ons beywer om te leef tot eer van God.

Of in Petrus se woorde: Vertrou jou aan jou getroue Skepper toe en hou aan om goed te doen (1 Pet. 4:19).

Ons kan ook weet dat God die dinge wat vernietiging en seer veroorsaak, ten goede in ons lewe sal gebruik. Selfs oor die boosheid van die duiwel en die sonde van mense kan ons sê: "*Ons weet dat God alles* ***ten goede laat meewerk*** *vir dié wat Hom liefhet.*"

**3. <u>Slot</u>**

**Derdens en ten slotte.**

Geliefdes, ons aanbid 'n groot en ontsagwekkende God. En tog is die wonderlikste gedagte dat die Skepper en Onderhouer van hemel en aarde, Homself met ons bemoei. Soos Psalm 8 sê: "*wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?*" Tog gee Hy vir ons 'n plek en belangrike doel in sy skepping.

Meer as dit. Selfs al het die mens droewig in sonde verval en al verdien ons God se ewige verlatenheid, kom die Ewige en Almagtige God na ons toe. Die Koning van die heelal, wat met eer, mag en goddelike heerlikheid bekleed was, het dit opgegee om gebore te word as 'n babatjie en het saam met diere in 'n krip gelê.

Die Lig en Lewe, die Woord deur Wie alles geskape is (Joh. 1:4, 9 en 10 & Kol. 1:15-17), kom lewe as 'n mens. Hy lewe gebuk onder die sonde en seer van die wêreld, sodat Hy weer nuut kan kom skep. Jesus Christus, word mens en kom betaal vir ons sondes aan die kruis, sodat ons die ewige lewe saam met God mag hê.

Mag hierdie ons lofprysing oor ons grote God meer maak. Mag ons met volle vertroue bely dat die vrees en lyding wat ons nou nog verduur, alles 'n doel in Christus gekry het.

God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

(Rom. 8:31-32)

# Amen